POMP

'n Biblioteek van gedagtes

11

BOEKE
FOTOGRAFIE
KUNS
LETTERKUNDE
MUSIEK
ONTWERP
REIS
SPORT
GEDAGTES
WYN
ARGITEKTUUR
TENDENSE
MEDIA

Venus in ŉ glasbottel

WOORDE: RENTIA BARTLETT

Besig met sowel ŉ lywige as ŉ *lyflike* uitgawe van POMP, wat ŉ versameling van liggame ondersoek, belig en dissekteer, verskyn dié treffende uitbeelding van Saartjie Baartman een middag op kantoor in my e-posvakkie. Dit is ŉ nuwe skildery van die New Yorkse kunstenaar, Madeline von Foerster, lees ek in die bykomende dokument van Miriam Bischoff van die Streichnen Galery in Berlyn ... Saartjie Baartman as voorwerp van ŉ ernstige portret twee eeue ná haar dood deur ŉ Amerikaanse kunstenaar? Die sensitiewe naturalistiese tegniek, die sorgvuldig-geskilderde objekte en die enigmatiese Afrika- sowel as Victoriaanse gevoel van die skildery, vind ek onmiddellik bekorend. Dat dit deur ŉ New Yorkse kunstenaar geskilder is, wat nog nooit in Suid-Afrika was nie, maar gefassineer is deur Baartman se verhaal, soveel te meer.

Baartman se storie is vir meeste Suid-Afrikaners welbekend. Die misbruik van haar liggaam is as simbool van kolonialisme en Europese uitbuiting en dominasie van "die ander" reeds op verskeie vlakke ondersoek. Die skildery *Dora and the Other Woman* van die 1980's deur Penny Siopis, het die sogenaamde "andersheid" van vroue in wetenskaplike studies van stoornis uitgebeeld: eerstens in ŉ verwysing na Dora, die vrou deur Freud as histeries gediagnoseer, en tweedens in ŉ verwysing na Saartjie Baartman as karikatuur op die rok van Dora, soos sy in die Franse en Engelse

Madeline von Foerster.
Relikwie vir Saartjie
2010
Olie en eier tempera op paneel, 46x53 cm

pers van die negentiende eeu verskyn het. Freud se kommentaar oor vroulike seksualiteit as die sogenaamde "donker kontinent", koppel die twee vrouefigure in die skildery van Siopis. Die eksploitasie van "die ander" is in die negentiende eeu ondersteun deur ŉ sogenaamde "wetenskaplike" diskoers, wat die minderwaardigheid van (in hierdie geval Khoi) mense probeer bewys het.

Dat Saartjie by uitstek die slagoffer was van hierdie wêreldbeskouing, is welbekend: sy is deur haar werkgewer na Frankryk en Londen geneem en vertoon as iets tussen ŉ etnografiese nuuskierigheid en ŉ eksentrieke frats. Hier het sy as die "Hottentot Venus" oornag in ŉ sensasie verander. Sy is in 1816 op ŉ jong ouderdom verhonger en misbruik oorlede, waarna haar liggaam deur die bekende wetenskaplike Georges Cuvier gedissekteer is. Haar brein en genitalieë (genoem die Hottentot voorskoot/ *tablier*) is gepreserveer en in die *Musée d' Homme* in Parys tot in die middel 1990's uitgestal. Haar oorskot is ten einde laas deur die Suid-Afrikaanse regering teruggeëis, waar sy in 2002 ŉ publieke begrafnis ontvang het.

"Ek wou Saartjie al vir die afgelope agtien jaar skilder, vandat ek haar storie gehoor het," sê die San Francisco-gebore Madeline von Foerster. "Vir my is sy die kragtige simbool van soveel moderne sosiale probleme – en hoewel ŉ simbool, ŉ regte persoon. Ek wou die regte Saartjie Baartman ontbloot, hoewel ek nie dink dat dit ooit regtig in kuns moontlik is nie." Sy het in die skildery elemente van die lewe van Baartman gekombineer – elemente van haar geboorteland, haar kultuur en wortels en dit saam met haar stuk-gesnede liggaam in die skildery as't ware *gepreserveer*. So is die blom in die skildery eie aan die Gamtoosriviervallei waar Baartman gebore is en die skilpaddophalssnoer, die geskenk wat sy van haar minnaar ontvang het op die nag van hulle verlowingspartytjie (en ook die nag voor hy wreed vermoor is). In plaas van haar genitalieë in ŉ fles, het Von Foerster besluit om haar hart te preserveer. ŉ Etiket op die fles lees: "No other Olympus than a glass jar" – voorwaar ŉ aangrypende samevatting van hierdie Venus se noodlot.

Die skildery beeld vele aspekte van Baartman se lewe simbolies uit, maar met ŉ meer respekvolle benadering as soveel van die karikature en "wetenskaplike illustrasies" wat in haar lewe van haar gemaak is (waarna Siopis ook in haar skildery baie letterlik verwys). Von Foerster het verskeie wetenskaplike tekeninge gebruik as verwysings vir die skildery, asook ŉ gipsvorm wat ná Baartman se dood van haar liggaam gemaak is. Haar medium en tegniek is ŉ byna-vergete metode: ŉ mengsel van olie en eier tempera, soos deur die Vlaamse Renaissance-meesters uitgevind en deur meesters soos Holbein, Menling en Dürer gebruik is. Hierdie tegniek is ontwikkel in dieselfde tyd wat kunstenaars naturalistiese portrette begin skilder het; portrette akkuraat genoeg om individuele karaktereienskappe raak te sien. Von Foerster word deur *Art and Antiques*-tydskrif as top kontemporêre surrealis aangewys. Ook hierdie skildery het ŉ surrealistiese, simboliese tematiek. Iets van ŉ surrealistiese fassinasie met die bisarre, die irrasionele en die teenstrydige word gevind in die kombinasie van objekte, die stuk-gesnede liggaam en die lewendige oë. Tog koppel die medium van tempera die werk aan vroeër uitbeeldings wat realisme en waardigheid aan onderwerpe probeer gee.

Van kleins af was Von Foerster gefassineer deur dinge wat oud en misterieus is. Sy is in die reeks skilderye waarvan hierdie skildery deel uitmaak, geïnspireer deur relikwiekassies. Dit is juweel-bedekte beelde en skatkiste wat die oorblyfsels van heiliges – alles van kledingstukke, beendere tot flessies met bloed – bewaar het en dikwels in objekte van aanbidding verander is. Hoewel ŉ konsep gevind in verskeie godsdienste, verteenwoordig relikwieë ook ŉ algemeen-menslike behoefte om dinge te wil bewaar en preserveer. So word relikwieë gemaak van uitgestorwe kulture in

ons museums, van diere in ons dieretuine, van herinneringe in ons foto-albums, asof ons dinge verkies in hierdie ingeslote en versierde staat. Von Foerster beklemtoon met hierdie skildery dat die figuur van Saartjie Baartman as ŉ soort relikwie beskou is – opgesny, vertoon en ontneem van haar bestaansreg.

Net soos die verhoog en oopgevoude gordyn, soos uitgebeeld in Siopis se skildery, die kyker terselfdertyd uitnooi om te kyk en onverhoeds as *voyeur* betrap, konfronteer die opgesnyde liggaam van Baartman en die deurdringende en lewendige oë die kyker met die geladenheid en problematiek van sig. Wat is dit waarna ons kyk en wat is dit wat ons daarvan fassineer? Is dit die sensualiteit, verwrongenheid, die banaliteit van die menslike liggaam? Is dit die weerloosheid daarvan? Von Foerster het ŉ vrou uitgebeeld wat, baie letterlik, in stukke opgesny en uitgestal is. In haar hand hou sy ŉ helderkleurige voël vas, besig om sy vlerke te sprei en weg te vlieg. Hoewel haar liggaam in stukke gesny is, is Baartman in die skildery, saam met die voël en die blom in haar hande, lewendig. Volgens my beeld die skildery uit: daar ís lewe ná die dood, ook al is dit ŉ onwaardige dood, wanneer die liggaam in verf vasgevang word en as relikwie bewaar word. Haar skildery beliggaam die spanning tussen die regte figuur van Saartjie Baartman en Saartjie Baartman as onverganklike simbool van onderdrukking.

Madeline von Foerster het haar kunsopleiding ontvang by die Kaliforniese Kollege van Kuns en Handwerk, by die Kunstschule van Mannheim in Duitsland asook in Oostenryk waar sy privaat lesse by prof Phillip Rubinov-Jacobson ontvang het. Sy woon en werk tans in New York. Die skildery word in November 2010 vertoon by Von Foerster se uitstalling in die Streichnen Galery in Berlyn en is in 2010 ook by die Scope kunste-skou in Basel, Switserland, uitgestal.